**D. Warren.** *'Merchants, Commissioners and Wardmasters: Municipal and Colonial Politics in Cape Town, 1840-1854* pp,. iii-1638 en **M. Broodryk.'** *Die Kaapse Noordgrensoorloë, 1868-1879*, pp. 165-563. Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis 55(1). Die Staatsdrukker: Pretoria, 1991. ISBN 07970 24130

Hierdie argiefjaarboek is beskikbaar by die Direkteur: Staatsargiefdiens, Privaatsak X236, Pretoria, 0001 teen R40.00 (posgeld en BTW ingesluit).

Die kern van die studie behels 'n wetenskaplike ondersoek na die sosiale, politieke en ekonomiese veranderinge en konflikte wat deel uitgemaak het van die ontwikkeling van die Kaapstadse samelewing teen die middel van die negentiende eeu. Warren, deur goeie empiriese navorsing, toon aan hoe die Kaapstadse grondeienaars en grondverhuurders (landlords) hul eie gesag vergroot het voordat die Kaapkolonie 'n verteenwoordigende regering in 1854 gekry het. Ten tye van die ekonomiese opbloei van Kaapstad in die 1840's, het grondeienaars die situasie tot hul eie voordeel aangewend, deur o.a. huisvesting van'n swak kwaliteit aan die minder-gegoede persone van die samelewing aan te bied. In sy studie maak Warren 'n onderskeid tussen die sg. merkantiele elite en die handels- en koopkraggroepe. Hy toon aan hoe die wedywering tussen die twee groepe die ekonomieselewe in Kaapstad beïnvloed het.

Dié wedywering het bv. in die laat 1840's daartoe aanleiding gegee dat die handels-en koopkraggroepe sterk aanspraak begin maak het op die kapitaal van die eiendomsbesitters - en kommersiële-elite. Dit sou uiteindelik die funksie van die Kaapse verteenwoordigende regering word om te bepaal hoe hierdie opponerende ekonomiese kragte binne die ontwikkelende Kaapstadse samelewing georden sou word.

Hierdie studie van Warren vorm deel van die Universiteit van Kaapstad se poging om die verlede van die stad beter te belig. Ander outeurs wat bydraes tot die breër studie gelewer het, en wat gepubliseer word as <u>Studies in the History of Cape Town</u> is C. Saunders, H. Philips, E. van Heyningen, V. Bicford-Smith e.a. Warren se werk is voorsien van verskeie gepaste foto's. Daar is 'n bronnelys wat bestaan uit amptelike bronne, semi-offisiële en onoffisiële manuskripte, koerant- en tydskrifartikels en 'n indrukwekkende lys kontemporêre bronne en ander resente werke. Aan die einde word 'n goeie indeks gegee.

Hierdie studie deur Broodryk belig die relatief onbekende reeks oorloë wat aan die Kaapse noordgrens tussen 1868 en 1879 plaasgevind het. In teenstelling met die konflikte aan die Kaapse Oosgrens, waarom baie navorsing gedoen is, is hierdie die eerste omvattende en historiese-wetenskaplike poging om dié konflikte te beskryf. In hoofstuk een word die leser met die geografie, ligging e.a. verwante sake van die Noordkaap bekendgemaak. Die kaleidoskoop van inwoners word belig, en spesiale aandag word aan die Koranas en Boesmans van dié gebied gelewer, want dit was veral hul lewenspatrone wat deur die indringing van blankes beïnvloed is.

Die onbestendigheid wat in so 'n groot gebied heers, en wat deur verskeie etniese groepe bewoon word, word verduidelik. Die afwesigheid aan 'n sterk sentrale gesag en 'n oopgrenssituasie is bydraende faktore wat tot oorloë in die streek sou lei.

Na hoofstuk een word die studie in drie groter afdelings verdeel nl. die Eerste Noordgrensoorlog (hoofstukke 2-4) die Interimperiode, 1870-1878 (hoofstukke 5-6) en die Tweede Noordgrensoorlog, 1878-1879 (hoofstukke 7-10). Die verskeidenheid redes wat tot

dié oorloë aanleiding gegee het, word geïdentifiseer. Dit blyk egter duidelik dat botsende grond- en grensaansprake en die inbeweeg van blanke boere in hierdie gebied die hoofoorsake van die konflikte was. Die oorloë en skermutselings self word deeglik bespreek en afgewissel met verduidelikings van die pogings wat die Kaapse regering aangewend het om dié grens te probeer stabiliseer. Sketskaarte van die groter konflikte sou moontlik gehelp het om 'n beter indruk van bewegings en teenbewegings tydens oorloë te verkry.

Dit is insiggewend hoe die geskiedenis van dié deel van Suid-Afrika in 'n groot mate ooreenkom met gebeure in die suidelike dele van Suidwes-Afrika tydens dieselfde tydperk. Dit wys dat mensgeskepte afbakenings soos dié Noordgrens nie historiese prosesse afbaken nie. Die probleme wat die Boesmans en Namakwas in die Noordkaap ondervind het was byna soortgelyk aan bv. die wat die Namas van Suidwes-Afrika ondervind het. Die inbeweeg van blanke trekboere in die suidelike dele van Namibië het ook die posisie van tradisionele grond en grense beïnvloed.

Broodryk se studie is lank en indringend en enkele relevante kaarte en foto's word verskaf. Die indeling is sinvol en 'n gemaklike skryfstyl word gevolg. Die hoeveelheid en verskeidenheid bronne beïndruk. Hierdie is 'n waardevolle studie wat die minder bekende konflikte in die geskiedenis van Suid-Afrika belig.

E.R. Coetzee
RAU